SA Media - The University of the Orange Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 23-Feb-2001
Topic: 08
Ref No: 3588
1
ID: 02654653-01
Source Page: 5

## Fokus op die begroting

# Regering, Reserwebank praat oor nuwe teikens

## Inflasieteiken in Oktober bekend gemaak

Jaco Leuvennink

Kaapstad. – Nuwe inflasieteikens sal in die komende maande met die Reserwebank bespreek word en kan in Oktober vanjaar bekend gemaak word, het mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, gister in die parlement gesê.

Manuel het aan die portefeuljekomitee oor finansies gesê monetêre beleidsbesluite neem sowat 15 tot 18 maande om in die ekonomie neerslag te vind en hy hoop 'n nuwe teiken vir 2003 kan saam met die mediumtermyn-bestedingsraamwerk in Oktober aangekondig word.

Die huidige inflasieteiken vir 2002 is 3% tot 6%.

Vroeër het die direkteur-generaal van finansies, me. Maria Ramos, wat gister haar 42ste verjaardag gevier het, gesê dit word algemeen aanvaar dat hoë inflasie die ekonomie en groei destabiliseer. Daarom is die nasionale tesourie baie ernstig oor die haal van die inflasieteiken.

Sy en Manuel het erken dat gebrekkige vertroue steeds 'n negatiewe uitwerking op binnelandse besparing, investering en ekonomiese groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie het, maar het beklemtoon dat dit dikwels op oordrewe Afro-pessimisme en wanindrukke gegrond is.

Manuel het gesê hy sou nie die Suid-Afrikaanse ekonomie as traag beskryf nie en gesê 'n groot probleem is dat syfers oor werkskepping en ander statistieke dikwels nie 'n korrekte beeld skep nie. Só byvoorbeeld is werkskepping in die informele sektor nie in ag geneem by syfers in die Reserwebank se jaarverslag nie, wat dui op 'n verlies van 500 000 werkgeleenthede in nie-landbousektore die afgelope ses jaar.

Manuel het gesê hoewel die begrote inkomste van R5 miljard uit die privatisering van staatsbates nie in die lopende boekjaar tot einde Maart gehaal sal word nie (net R2,8 miljard is al verkry), is hy vol vertroue dat die R18 miljard wat vir die komende jaar in eergister se begroting genoem is, wel werklikheid sal word.

"Daar is 'n transaksie wat ons moontlik nog voor einde Maart oor R5 miljard vir die lopende jaar kan stoot, maar ons kan nie daarop staatmaak nie. Dit behoort egter in die volgende boekjaar te realiseer."

Manuel het gesê die Sasria-fonds se herstrukturering, Telkom se notering en die verkoop van 'n belang in M-Cell, behoort maklik R18 miljard in te bring. Op die vraag oor die moontlikheid dat die openbare aanbod van aandele in Telkom weens mark- of ander toestande nie teen einde vanjaar sal plaasvind nie, het hy gesê daar is altyd só 'n risiko, maar dat die grootste deel van die R18 miljard nie noodwendig van die Telkom-notering verwag word nie.

Oor sy aankondiging eergister dat die banksektor te min belasting betaal en dat dit ondersoek gaan word, het Manuel gesê die aankondiging is nie uit die bloute gedoen nie. Daar word lankal reeds met die banksektor hieroor gepraat omdat gelyke behandeling van almal 'n belangrike belastingbeginsel is. Hy voorsien egter geen oorhaastige besluit hieroor nie en verwag taai onderhandelings met die banksektor.